VERTROULIK

Land en Landbou Ontwikkelings Bank van Suid Afrika
Posbus 375 Pretoria 0001
Blok D Eco Glades 2 Kantoor Park, 420 Witch Hazel Laan Eco Park
CENTURION

Telefoon: +27 (0)12 686 0500
Faks: +27 (0)12 686 0682
www.landbank.co.za

Geregistreerde Krediet Voorsiener: Registrasie nommer NCRCP18

23 September 2020

Geagte gewaardeerde kliënt,

R100 MILJOEN COVID-19 TOELAAGSKEMA VIR LANDBANKBOERE

Die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling, Thoko Didiza het aangekondig dat die department R100 miljoen vir die Covid-19 toelaagskema beskikbaar gestel het. Hierdie toelaag sal deur die Landbank aan kleinboere, wie lenings het om terug te betaal, maar as gevolg van die impak van Covid-19 en verwante ingrypings, soos die effek van die uitgerekte inperkingregulasies op hulle besighede, finansiële nood ervaar, beskikbaar gestel word.

Hierdie fondse is beskikbaar vir bestaande Landbank-kleinboere (kliënte met 'n jaarlikse omset wat nie R10 miljoen oorskry nie). Landbank-boere wat deur tussengangers van die Landbank gediens word, is ook ingesluit. Die fondse sal aangewend word vir die kwytskelding van slegs een jaarlikse leningspaaiement per kliënt, indien die kliënt se besigheidsbedrywighede nood ervaar het as gevolg van die impak van die Covid-19. Hierdie toegewing sal van toepassing wees vir leningspaaiemente, vir die tydperk wat begin op 1 April 2020 tot 31 Desember 2020. Die bedrag wat 'n enkele kliënt van hierdie nie-terugbetaalbare finansiële hulp mag ontvang, is beperk tot die maksimum bedrag van R2 miljoen.

Die aansoek vir hierdie befondsing is huidiglik oop tot en met 16 Oktober 2020. U kan toegang daartoe bekom deur u Kommersiële Bankier in u onderskeie Landbankkantoor te kontak of om 'n e-pos te stuur na customerservice@landbank.co.za.

Direkteure: Mnr MA Moloto (Voorsitter), Me DR Hlatshwayo (Adjunk Voorsitter), Me SA Lund, Me TT Ngcobo, Me DN Motau, Me ME Makgatho, Dr ST Cornelius, Mnr MS Makgoba, Mnr AC Kanana (Hoof Uitvoerende Beampte), Me KH Mukhari (Hoof Finansiële Beampte) en Mnr MK Mzaidume (Maatskappy Sekretaris)

Ongelukkig sal oorverskuldigde kliënte en kliënte wie se rekeninge in nood is, weens ander redes as Covid-19 verwante redes, uitgesluit word van hierdie ondersteuning.

Addisionele ondersteuning vir die res van die Landbank kliënte

Die res van die Landbank kliënte wat deur Covid-19 geaffekteer was, kan deur die normale Landbank verdraagsaamheidsprogramme geondersteun word. Hierdie ondersteuning sal op 'n geval tot geval basis beskikbaar gestel word aan Covid-19 geaffekteerde kliënte, wat onder meer, uit die volgende potensiële oplossings sal bestaan, waar van toepassing:

- Herstrukturering van terubetalingsvoorwaardes, insluitend die opsie van uitgestelde terugbetalings/ terugbetalingsvakansie;
- Oordag van skuld en wysigings van bestaande leningsooreenkomste om onmiddelike kontantvloeidruk aan te spreek.

Landbank kliënte wat kwalifiseer en wat wens om toegang tot hierdie ondersteuning te bekom, om hulle skuld te herstruktureer, kan direk by hul Rekeningmoniteringspesialis by die tak navraag doen.

Vir meer inligting besoek gerus ons webtuiste by www.landbank.co.za.

Die uwe,

Lwandiso Makupula

Waarnemende Uitvoerende Bestuurder
Kommersiële Ontwikkeling en Besigheidsbankdienste